

# Nuwe Lied Bediening



*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

**Yeshua is die hart van die Vader!!**

## Parashah 32: *Behar* – Op die Berg

יהוה het met Mosheh gepraat op die berg Sinai en gesê. Lev. 25:1–PWL<sup>1</sup>.

**Torah:** Lev. 25:1 tot 26:2.

**Haftorah:** Jer. 32: 6 tot 27.

**Nuwe Verbond:** Luk. 4:16-21; Matt. 19:21; 26:11; Mark. 10:21; 14:7; Luk. 14:13,21; Hand. 11:29; Jak. 2:5; Gal. 6:7-10; 1Joh. 3:17; Jak. 1:9 tot 11; Jak. 5:1-6; Matt. 5:3; 1 Kor. 7:21-24.

**H**ierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 32 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182).

*A person repents when he comes to the place where he discovers that the will of God is the government of his life and the glory of God is the reason for his life. He only has repented who has changed his mind about his reason for being. – Paris Reidhead*

*For those who hate truth, truth is hate – Anonymous*

*You can ignore reality. However, you cannot ignore the consequences of ignoring reality – Ayn Rand.*

## Torahbespreking

### Hersiening

Met hierdie week se Torahskriflesing nader ons nou vinnig die einde van die boek van Levitikus, naamlik *Vayikra* wat beteken “Hy (יהוה) het geroep” en daarom is dit gepas om hersiening te doen van die gebeure sedert Yisra’el se bevryding uit Egipte. In Exodus (*Sh’mot*) het ons geleer hoe Yisra’el van die Mitzrayimitiese slawejuk bevry is en hul onafhanklikheid as volk verkry het. Hul vertroue in die geslagde lam en hul gehoorsaamheid tydens die eerste Pesag, op die vooraand van hulle bevryding, het dit alles moontlik gemaak. By Sinai het hulle eenparig ingestem om as verbondsvolk volgens יהוה se instruksies, naamlik

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om ‘n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Sy Torah, as bevrydes (geregverdigdes) te lewe ten einde 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie vir יהוה te wees (Ex. 19:5-6). Vir die doel het יהוה in hulle midde in die tabernakel, wat hulle volgens God se opdrag en voorskrifte gebou het, kom woon.

Na die sonde van die aanbidding van die goue kalf het יהוה die Leviëte gekies om “tydelik” in die plek van die eersgeborenes as priesters te dien tot Yeshua se folterdood en opstanding waarna die Malki-Tzedek priesterorde weer herstel sou word.

Levitikus bevat dus יהוה se onderrig en instruksies van die priesterdom en van Yisra'el hoe om as 'n bevryde en onafhanklike volk vernuwe te word tot 'n koninklike priesterdom en afgesonderde nasie. Die onderrig en instruksies in Levitikus is hoofsaaklik hoe om as priesters dienswerk in die tabernakel te verrig, asook hoe 'n ordelike samelewing as יהוה se volk moet funksioneer. Hierdie is יהוה se liefdevolle onderrig van hoe om al die beloftes van seëninge te ontvang. Dit is die onderrig hoe om te kan onderskei tussen rein (*tahor*) en onrein (*tamei*) en ook tussen afgesonderd (*kadosh*) en nie afgesonderd nie (*chol*). יהוה as God en Vader is volmaak *tahor* en volmaak *kadosh* en Hy vereis van elkeen van Sy priesters en Sy kinders presies dieselfde!!

Levitikus leer ons ook wat dit behels om die bruid van Yeshua te wees. Die Torah is die *ketubah*, die huwelikskontrak (verbondsooreenkoms) en is die onderneming van die Bruidegom om die bruid liefdevol te versorg en te beskerm. Dit is ook die onderneming van die bruid om in alles aan die Bruidegom gehoorsaam te wees. Hierdie is alles 'n sinnebeeld van die nuwe verbond met Yeshua as die Bruidegom en ons as die bruid!

Soos ons egter nou die einde van Levitikus bereik, is die dae van sit onder die *chupa* (wolkkolom) by Sinai, terwyl יהוה deur Mosheh die volk in Torah onderrig en hulle as bruid voorberei, besig om tot 'n einde te kom. Binnekort sal Yisra'el die tog na Kena'an moet voortsit. Die tyd kom nader dat die profesie van die beloofde land vervul moet word. Die landstreek wat יהוה aan Avraham by wyse van 'n verbond belowe het, en met Yitz'gak en Ya'akov bevestig het, moet in besit geneem word!!

Maar in hoofstukke 25 tot 27 van Levitikus gee יהוה deur die mond van Mosheh verdere onderrig en instruksies voordat hulle begin aanbeweeg na die beloofde land. Die fokus is nou veral op dit wat Yisra'el moet doen wanneer hulle Kena'an in besit neem, naamlik die noodsaaklikheid van die Shabbatjaar en die Jubeljaar (Levitikus 25). יהוה herinner hulle aan die seëninge van gehoorsaamheid aan Torah en die vloeke van ongehoorsaamheid (Levitikus 26). Laastens onderrig God hulle in die gee van tiendes.

In die geskiedenis van Yisra'el sedert hulle bevryding van die Mitzrayimitiese slawejuk en gedurende hulle reis na Kena'an is daar duidelike ooreenkomste met elkeen se persoonlike geloofswandel. Eers bevryding van die slawejuk van sonde deur vertrouwe in Yeshua as die geslagde Lam van יהוה (wedergeboorte) wat opgevolg word deur onderrig in die Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is. Dit is die pad van afgesonderdheid om elkeen voor te berei om 'n vlekkelose bruid te wees. Yeshua, die Bruidegom, het Homself om ons ontwil oorgegee om ons, die bruid, af te sonder en te reinig in die wassing met water en in die Woord sodat ons sonder vlek of kreukel of enige iets soosgelyks, afgesonder en sonder fout sal wees (Efes. 5:25-27)

Ons is ook, soos Yisra'el, op pad na die “beloofde land”, die ewige lewe in die Koninkryk van God! In ons reis deur die woestyn van hierdie lewe moet ons altyd die woorde van Sha'ul onthou wat hy geskryf het aangaande Yisra'el se swerftog in die wildernis:

11 Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom.

<sup>12</sup> Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Maar deur vertrouwe in Yeshua as dié Gesalfde Een, en deur gehoorsaamheid aan God se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, kan ons op hierdie reistog lewe in oorvloed ondervind (Joh. 10:10b).

## Die Shabbatjaar En Die Jubeljaar.

Tot hede het Yisra'el die instruksies ontvang vir die weeklikse Shabbatte, asook die Shabbatte van die jaarlikse vasgestelde tye (feestye). Nou gee Mosheh aan die volk die opdragte vir die Shabbatjaar (die Landshabbat; Hebreeus: *Sh'mitah*) en die Jubeljaar (Hebreeus: *Yovel*), wat ook as Shabbatte gereken moet word.

### Die Shabbatjaar

In Lev. 25:2-4 lees ons van die opdrag vir die Shabbatjaar:

<sup>2</sup> “Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle in die land inkom wat Ek julle gee, moet die land ’n Shabbat hê vir יהיה.

<sup>3</sup> Ses jaar lank moet jy jou land saai en ses jaar lank jou wingerd snoei en die opbrengs daarvan insamel,

<sup>4</sup> maar in die sewende jaar moet daar vir die land ’n Shabbatsrus wees, ’n Shabbat vir יהיה; jy mag nie jou land saai of jou wingerd snoei nie.

Let op die ooreenkoms met die weeklikse Shabbat, naamlik ses jaar (ses dae) word gesaai en geoes en in die sewende jaar (op die sewende dag) moet die land en die arbeider rus. Die land hou ’n Shabbat vir יהיה – wat die *sh'mitah* genoem word en wat *vrylating* of *kwytskelding* beteken. Vir ses jaar werk die skepsel (die landbouer) saam met sy Skepper om uit die grond ’n oes voort te bring. Vir ses jaar is die landbouer ’n ‘mede-skepper’ saam met יהיה, maar dan moet hy en die grond saam met sy Skepper-God in die sewende jaar rus. Hierdie Landshabbat staan bekend as *sh'mitat karka*, naamlik ’n kwytskelding (vrylating) van die land om ook te herstel van die ses jaar wat dit bewerk was.

Elke weeklikse Shabbat is ook ’n herinnering dat יהיה die Skepper is en dat Hy al die natuurwette (die siklusse van dae, maande, jare en van seisoene en lewe) daar gestel het. Die Shabbatjaar is daarom ook ’n wyse wat יהיה as Skepper en as die Wetgewer van die natuurwette vereer word.

Die doel en betekenis van die Shabbatjaar, sowel as die Jubeljaar, herinner ons ook dat ons vermoë om ’n inkomste (bestaan, rykdom) te genereer uitsluitlik die onverdiende gunsvoorsiening van Vader-God is (Deut. 8:18).

onthou יהיה, jou God, want dit is Hy wat jou krag gee om rykdom te verkry sodat Hy Sy verbond kan bevestig, wat Hy aan jou vaders met ’n eed beloof het, soos dit vandag is.

Alles wat ons is, en alles wat ons besit, is in die hande van יהיה en dit kan alles in een oomblik verander. Vir ons hele bestaan hier op aarde is ons van יהיה afhanklik en daarom is beide die Shabbatjaar en Jubeljaar ’n les in dankbaarheid, nederigheid en vertrouwe dat Vader-God in alle behoeftes sal voorsien. Hy is *El-Shaddai*, die Magtige God wat meer as genoeg is!

Beide die Shabbatjaar en die Jubeljaar was daarom ’n toets van Yisra'el se vertrouwe dat יהיה in die jare wat daar nie geplant en daar geen oesinsameling mag wees nie, soveel sal voorsien

dat daar genoeg sal wees tot die volgende plantseisoen en tot die volgende oesinsameling plaasvind (Lev. 25:19-22).

Dit het ook gedien as 'n herinnering aan die dae in die wildernes waar Yisra'el vir alles van יהוה afhanklik was. God was hulle voorsiener in al hul behoeftes, naamlik יהוה-*Shaddai* – Hy wat meer is as genoeg!

Beide hierdie jare wat as 'n Shabbat gereken word, het ook gedien as 'n herinnering dat die land aan יהוה behoort (Lev. 25:23). Vergelyk dit met die Tuin van Eden waar יהוה die eenaar is en waar Hy die mens opdrag gegee om dit te bewerk en te bewaak (Gen. 2:15). יהוה het ook bepaal wat geëet mag word (Gen. 2:9, 16 en 17).

Die sewe jaar van die *sh'mitah*-siklus is ook 'n sinnebeeld van die 6000 jaar van die begin van die skepping af en waarvan die 7000 ste jaar die Millennium sal wees.

In Deut. 15:1-2 lees ons die volgende ten opsigte van die shabbatjaar:

- 1 Aan die einde van elke sewe jaar moet jy 'n kwytskelding van skuld laat plaasvind.
- 2 Dit is hoe die kwytskelding plaasvind: elke skuldeiser moet dit wat hy aan sy naaste geleen het, kwytskeld; hy moet sy naaste en sy broer nie aanmaan nie, want dit is aangekondig as die kwytskelding van יהוה.

Hierdie skuldkwytskelding staan bekend as *sh'mitat kesafim*, naamlik die kwytskelding van geld (finansiële skuld).

### **Die Jubeljaar (*Yovel*)**

Die opdrag vir die Jubeljaar is in Lev. 25:8-10

- 8 Jy moet vir jouself sewe Shabbatjare tel, sewe maal sewe jaar en die dae van die sewe Shabbatjare sal vir jou nege en veertig jaar wees.
- 9 Dan moet jy die shofar (ramshoring) van die jubeljaar laat blaas in die sewende maand, op die tiende van die maand; op die dag van Toedekking moet julle die ramshoring deur die hele land laat blaas.
- 10 Julle moet die vyftigste jaar afsonder en 'n vrystelling in die hele land verkondig aan al sy bewoners. Dit moet vir julle 'n jubeljaar wees en elkeen van julle moet na sy besittings en elkeen na sy familie teruggaan.

Na sewe siklusse van sewe jaar moet die vyftigste jaar ( $7 \times 7 + 1 = 50$ ) 'n Jubeljaar wees wat op die tiende dag van die sewende maand, naamlik op die Dag van Toedekking (*Yom Kippur*) deur die blaas van die shofar aangekondig word. Volgens Lev. 25:10 en 12 is die Jubeljaar, soos die Shabbatjaar, as afgesonderd (heilig) deur יהוה verklaar.

Die Hebreus vir die Jubeljaar is *Yovel* en die letterlike betekenis is *die blaas van die shofar*. Met die Jubeljaar word alle skuld afgeskryf, die slawe vrygelaat, alle grond teruggegee aan die oorspronklike eenaars en alle landbou bedrywighede word vir 'n jaar gestaak. Daarom is die kernboodskap van die Jubeljaar kwytskelding, vryheid en terugkeer!

Beide die Shabbatjaar en die Jubeljaar kan dus ook as vasgestelde tye van יהוה beskou word. Vir ons as Torahgehoorsame gelowiges van die nuwe verbond het dit, tesame met Yom Teruah (fees van Shofar) en Yom Kippur (die Dag van Toedekking) profetiese betekenis, want dit het alles met die wederkoms van ons Meester Yeshua te doen. Sy wederkoms met Yom Teruah sal gevolg word deur Yom Kippur tesame met die blaas van die shofar om die begin van die Jubeljaar van die Millennium aan te kondig!

Verder is die ooreenkoms tussen die vyftigste jaar, naamlik die Jubeljaar, en die vyftigste dag van die tel van die Omer, naamlik Shavu'ot duidelik. Met Shavu'ot was die belofte van die gee van Torah en die Afgesonderde Gees vervul om ons te help om gereed te maak om saam met ons Bruidegom tydens die Jubeljaar van die Millennium te regeer!

Die Jubeljaar is 'n tipe van gelykstellende aksie aangesien יהוה weer elkeen 'n kans tot 'n nuwe begin gee. Dit is יהוה se onderrig en instruksies vir ekonomiese welvaart vir Sy volk en vir elkeen afsonderlik.

**Opsommend:** Beide die Shabbatjaar en die Jubeljaar leer dat ons net rentmeesters is van dit wat יהוה aan ons gegee het. Ons moet almal egter goeie rentmeesters wees soos wat die gelykenis van die talente ons leer (Matt. 25:14-30).

Volgens Lev. 25:17, 36 en 37 leer beide die *sh'mitah* en die *yovel* ons om nie onregverdige wins te maak of ons naaste en die armes uit te buit nie (Ex. 22:25; Deut. 23:19 en 20). Dit dien dus as 'n waarskuwing teen hebsug en gierigheid (1Tim. 6:10; Heb. 13:5). Dit is ook 'n herinnering dat ware sekuriteit nie in rykdom te vinde is nie, maar in 'n vertroue dat יהוה die voorsiener in alle behoeftes is. Daarom het Yeshua gesê:

19 Moenie vir julle skatte opjaar hier op die aarde, waar motte en roes vernietig en waar diewe inbreek en steel nie,

20 maar stoor vir julleself skatte in die hemel, waar mot of roes nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie,

21 want waar julle rykdom is, daar sal julle gedagtes, wil en emosie ook wees. Matt. 6:19-20.

MAAR: Hierdie vertroue is nie 'n plaasvervanger vir die verantwoordelikheid wat elkeen het om te werk om 'n inkomste te genereer om te kan oorleef!!

Hy wat sy land bewerk, sal versadig wees met brood, maar hy wat nietighede najaag, het gebrek aan insig. Spr. 12:1.1

Hy wat die land omploeg, sal 'n oorvloed van brood hê, maar hy wat agter nietighede aanjaag, sal volop armoede hê. Spr. 28:19.

want ook toe ons by julle was, het ons julle dit beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie, 2Tim. 3:10.

Die doel van die Shabbatjaar en Jubeljaar kan soos volg in die woorde van Rabbi Louis Jacobs opgesom word: *The Sabbatical Year and Jubilee Year provided for a period of both social equality and ecological recovery.*

Met Yeshua se eerste koms het Hy die geestelike Jubeljaar aangekondig toe Hy op die Shabbat in die sinagoge uit Jesaja 61:1-2 gelees het:

18 “Die Gees van יהוה is op My en as gevolg daarvan het Hy My gesalf met die doel om die goeie boodskap aan die armes te verkondig; Hy het My gestuur om die wat gebroke is van verstand, wil en emosie te genees; om aan die wat gevangenes is vryheid te verkondig en aan blindes herstel van sig; om die wat depressief is, te herstel met vergifnis en

19 om 'n tydperk aanvaarbaar vir יהוה aan te kondig.”

20 Hy het die boekrol opgerol en aan die assistent gegee en gaan sit, maar die oë van almal in die bymekaarkomplek was vasgenaël op Hom.

21 Hy begin en sê vir hulle: “Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.” Luk. 4:18-21

Daarom sal Yeshua weer 'n Jubeljaar met Sy wederkoms aankondig!!

### Bepeins of Bespreek

1. Onder die nuwe verbond moet ons die betekenis van beide die Shabbatjaar en die Jubeljaar daagliks toepas. Ons moet in die voetspore van ons Messias volg en ook die goeie boodskap aan die armes verkondig, en om die wat gebroke is van verstand, wil en emosie in die Karakter en Outoriteit van Yeshua (die Naam) te genees, en om die wat gevangenes is van bindinge en verslawings te bevry, en om die oë van geestelike blindes herstel aan te bied; en om die wat depressief is, te herstel met vergifnis, en om 'n tydperk aanvaarbaar vir יהוה aan te kondig.
2. Die Shabbatjaar en die Jubeljaar is 'n verdere bevestiging van die belangrikheid van die verskillende Shabbatte. Ons Torahskriflesing sluit dan af met die woorde in Lev. 26:2 waar God sê: “Julle moet My Shabbatte hou en My Afgesonderde Plek respekteer. Ek is יהוה.” Dit word gevolg in vers 3 met al die seëninge indien ons volgens יהוה se reëls loop en sy opdragte hou en doen! Die weeklikse Shabbat en die Shabbatte van die vasgestelde tye, asook die Shabbatjaar en die Jubeljaar is al יהוה se Shabbatte. Wat is die belofte van gehoorsaamheid aan die *Sh'mitah* en die *Yovel* (Lev. 25:18-22)? Geld dit ook vir die ander Shabbatte?
3. Moet ons slegs die geestelike betekenis van die *Sh'mitah* en *Yovel* verstaan en toepas of is dit steeds letterlik van toepassing. Het die letterlike toepassing daarvan slegs betrekking op die land Yisra'el en sy inwoners of ook op diegene buite Yisra'el?

### יהוה se Siklusse van Sewes

Die sewende letter van die Hebreeuse alfabet (*alephbet*) is *zayin* met 'n numeriese waarde van sewe. Die piktogram van *zayin* lyk soos 'n handwapen (swaard, handbyl) of 'n sekel.

Die woord *zayin* (זַיִן)(*zayin, yod, nun-sofit*) se numeriese waarde is 67 (*zayin, 7 + yod, 10 + nun-sofit, 50 = 67*) en het dieselfde numeriese waarde as *biynah* (בִּינָה) wat insig (begrip) beteken. Daarom is *zayin* ook 'n sinnebeeld van die Woord van God wat vir ons insig en begrip van die Vaderhart gee.

Die woord vir tyd (*zman, זמן*) begin met 'n *zayin* en so ook die woord vir onthou of gedenk (*zakar, זָכַר*). *Zakar* het dus ook met die siklus van tyd te doen, asook te doen met die doel van die skepping. So byvoorbeeld: Ex. 20:8 – *gedenk die shabbat.....*, en Deut.32:7 – *dink aan die dae.....*

Aangesien *zayin* 'n wapen (swaard, handbyl) simboliseer en die getal sewe verteenwoordig, word dit gebruik om tyd in eenhede van sewe te verdeel.

- ❖ Shabbat – die sewende dag van die sewe dae week (die week van dae)
- ❖ Shavu'ot – 7 x 7 weke + 1 dag (die week van weke)
- ❖ Tishri – die sewende maand van die jaar (die week van maande)
- ❖ Die Shabbatjaar (*Sh'mitah*) – die 7e jaar wat die land moet rus (die week van jare)
- ❖ Die Jubeljaar (*Yovel*) – 7 x 7 jaar en dan die vyftigste jaar (die week van weke van die jare)
- ❖ Millennium – die 7e millennium van die mens se bestaan (week van 1000-stes).

Ons is dus in die laaste 2000 jaar voor Yeshua se wederkoms!!

Adam → 2000jr → Abraham → 2000jr → Messias → 2000jr → Millennium van 1000jr.  
Altesaam 'n siklus van 7000 jaar!

Volgens Hebreuse denke is יהוה se berekening van tyd 'n uitnodiging vir 'n afspraak met Hom. Ons is egter almal slawe van tyd. Sedert die mens se sondeval in die tuin van Eden was die mens se bestaan gekoppel aan tyd, want die dood het 'n werklikheid geword.

Volgens Rabbi Moshe Shapiro is *zman* (tyd) afkomstig van dieselfde grondwoord as die woord *hazmana* wat *uitnodiging* beteken. Daarom moet tyd nie gesien word as 'n rivier in vloed wat ons na 'n onbekende bestemming neem nie, maar as 'n uitnodiging na 'n afspraak met יהוה. So het ons gedurende ons lewe hier op aarde 'n staande uitnodiging na יהוה se weeklikse afspraak op shabbat en יהוה se jaarlikse afsprake vir die vasgestelde tye (feestye). So ook is die Shabbatjaar en Jubeljaar afsprake met יהוה.

Ons moet hierdie afsprake nakom tot ons sterwensdag en dan sal daar een finale afspraak wees – die afspraak van verskyning voor die troon waar elkeen beloon of verdoem sal word. Ons kan weier om יהוה se afsprake tydens ons aardse lewe na te kom, maar hierdie laaste afspraak is nie 'n uitnodiging nie, maar 'n bevel! Die tyd wat יהוה aan ons elkeen toegedeel het, is dan verby – die uurglas het leeg geloop!

Hoewel *zayin* 'n wapen (swaard; strydbyl) verteenwoordig, is dit afgelei van die woord *zan* (זן) wat voedsel (lewensmiddele) en voeding beteken. Hoe is voedsel en die swaard met mekaar verwant? Die swaard (wapens) is dikwels vir oorlog nodig om in voedsel te kan voorsien – om voedselsekuriteit te verseker. Vir ons geestelike voedsel gebruik ons יהוה se tweesnydende swaard van die Woord vir die doel (Heb. 4:12).

Ons moet toelaat dat יהוה se Woord soos 'n swaard met twee snykante skeiding maak tussen wat rein en wat onrein is en tussen wat heilig en wat onheilig is en tussen wat reg en wat verkeerd is. Dit is ons wapen om skeiding te maak tussen die waarheid en die leuen. So moet ons ook יהוה vra om deur Sy Gees ons te help om onderskeid te maak tussen die geestelike (onsienlike, figuurlike) en die fisiese (sigbare, tasbare en letterlike).

Die numeriese waarde sewe van *zayin* beteken *voltooi*, *volmaak*, *heelheid*, *ongeskonde* en *rus*. Daarom is יהוה se siklusse van sewe telkens 'n sinnbeeld van dit wat voltooi en volmaak in Yeshua is en wat ons ongeskonde sal bewaar en rus gee! Elke voltooide siklus van sewe wat ons gedenk is 'n kleedrepetisie van die volmaakte en van die rus in Yeshua.

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*